



Zazini 'gaan nog grote word'

Wilhelm de Swardt

Sokwakhana Zazini (TuksSport High School) gaan een van die grotes van Suid-Afrikaanse atletiek word.

Hennie Kriel, sy afrigter, het dié voorspelling Saterdagmiddag gemaak nadat Zazini die 400 m op die Suid-Afrikaanse Junior Atletiekbyeenkoms in die Paarl in 'n tyd van 45.86 sek. gewen het. Dié matriculant is maar die tweede o.20-atleet wat daarin kon slaag om 'n tyd vinniger as 46 sekondes te hardloop.

Riaan Dampers was eerste. In 1994 het hy 'n tyd van 45.15 sek. opgestel.

Zazini vertel dat dit al lankal sy droom was om omder 46 sekondes in die 400 m te hardloop.

"Ek moes net my kop oortuig dat dit moontlik is."

Dit is nie net die een vertoning wat Kriel so opgewonde maak nie. Zazini het homself in die afgelope 12 maande bewys as 'n atleet wat gedurig die "grense van sukses" skuif. Wat vir hom goed vandag is, is nie meer môre nie.

Verlede jaar het hy die wêreld jeug-titel (o.18) in die 400 m-hekkies gewen, asook die wêreld jeug-rekord na 48.84s verbeter.

Op vanjaar se Suid-Afrikaanse Senior Atletiekbyeenkoms het hy vir 'n groot opskudding gesorg toe hy 'n silwermedalje in die 400 m-hekkies gewen het. Dit was maar sy vyfde hekkieswedloop teen die senior atlete. Sy tyd van 49.32 sek. is sower die derde vinnigste in plaaslike atle-

tiek. Wat sy vertoning nog meer merkwaardig maak, is dat hy met ervare atlete soos LJ van Zyl, Cornel Fredericks en Le Roux Hamman kon afreken. Al drie het

Suid-Afrika by die Olimpiese Spele verteenwoordig.

Die vraag oor wat Zazini so goed maak, is maklik om te beantwoord. Hy deins vir geen uitdaging terug nie. Vir hom is dit 'n geval van hoe strawwer hoe lekkerder. Hy vertel reeds vir almal wat wil luister dat hy die goue medalje in die 400 m-hekkies op die Junior Wêreldbyeenkoms (10 tot 15 Julie) in Finland wil wen.

Dit mag dalk 'n bietjie windgat klink, veral as in ag geneem word dat Zazini 'n jaar jonger as die meester van sy teenstanders sal wees. Maar dan weer as daar een woord is wat hy haat, is dit "tweede". Die Tuks-atleet se ander sterkpunt is dat hy nooit geïntimideer raak nie, dit maak nie saak teen wie hy deelneem nie.

Volgens die afgelope drie jaar se uitslae moet Zazini 'n realistiese kans hê om in Finland te wen. Sy tyd van 49.32 sek. plaas hom tans agtste op die IAAF se senior ranglys. Verlede jaar sou dit hom tweede op die IAAF se junior-ranglys geplaas het, asook in 2015.

400 m-hekkies of 400 m?

"Ek beskou myself eerstens as 'n hekkiesatleet. Maar ek geniet dit om aan die 400 m deel te neem. Dit help om my spoed te verbeter," sê die onderhoofseun van TuksSport High School.



Sokwakhana Zazini

Foto: REG CALDECOTT